



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Handleiding)



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

**HANDLEIDING INGEVOLGE DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG
TOT INLIGTING (2 VAN 2000)**

(hierna hierdie/die “**Handleiding**” genoem)

DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

(hierna “**die Universiteit**” genoem)

INHOUDSOPGAWE

Item	Beskrywing	Bladsy
1.	INLEIDING	3
2.	BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING.....	4
3.	FUNKSIES EN STRUKTUUR VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT [ARTIKEL 14 (1) (a)]	4
4.	ADMINISTRASIE VAN PAIA.....	5
5.	INLIGTINGSBEAMPTTE / ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTTE – KONTAKBESONDERHEDE [ARTIKEL 14 (1) (b)].....	5
6.	ARTIKEL10-HANDLEIDING [ARTIKEL 14 (1)(c)].....	6
7.	TOEGANG TOT REKORDS WAT DEUR DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT GEHOU WORD [ARTIKEL 14 (1)(d)].....	6
8.	GELDE	15
9.	DIENTE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT WAT BESKIKBAAR IS AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG TOT HIERDIE DIENSTE TE VERKRY	15
10.	DEELNAME AAN BELEIDSFORMULERING EN BESLUITNEMING BY DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT [ARTIKEL 14 (1) (g)]	15
11.	REGSMIDDELE WAT BESKIKBAAR IS TEN OPSIGTE VAN 'N HANDELING (OF VERSUIM OM TE HANDEL) INGEVOLGE DIE WET [ARTIKEL 14 (1)(h)].....	16
12.	ANDER INLIGTING SOOS INGEVOLGE DIE WET VOORGESKRYF [ARTIKEL 14 (1)(i)]	16
13.	VERSLAGDOENING DEUR DIE UV	16
14.	POPIA-VEREISTES MET BETREKKING TOT DIE VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING	16
	BYLAE A.....	20
	BYLAE B.....	25
	BYLAE C.....	30
	BYLAE D.....	32
	BYLAE E.....	35
	BYLAE F.....	38
	BYLAE G	45

1. INLEIDING

- 1.1. Ingevolge die bepalings van artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996) ("**Grondwet**") is die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000) ("**PAIA**") uitgevaardig om 'n kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid in openbare en private liggame te kweek deur uitvoering te gee aan die reg op toegang tot inligting en die aktiewe bevordering van 'n samelewing waarin die mense van die Republiek van Suid-Afrika effektiewe toegang het om hulle in staat te stel om al die regte wat in die Grondwet vasgelê is, ten volle uit te oefen en te beskerm.
- 1.2. PAIA vestig vrywillige en verpligte meganismes of prosedures om uitvoering te gee aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting op 'n wyse wat persone in staat stel om rekords van openbare liggame so vinnig, billik en moeiteeloos as redelikermans moontlik te bekom, en om oor die algemeen deursigtigheid, verantwoordbaarheid en effektiewe bestuur van alle openbare en private liggame te bevorder deur almal te bemagtig en op te voed om (insluitend, maar nie beperk tot):
 - 1.2.1. hulle regte ingevolge PAIA te verstaan ten einde hulle regte met betrekking tot openbare en private liggame uit te oefen;
 - 1.2.2. die funksies en bedryf van openbare liggame te verstaan, en
 - 1.2.3. besluitneming deur openbare liggame wat hulle regte beïnvloed, effektief te bestudeer en daaraan deel te neem.
 - 1.2.4. Artikel 9 van PAIA erken egter dat sodanige reg op toegang tot inligting onderhewig is aan sekere regverdigbare beperkings, insluitend (maar nie beperk tot):
 - 1.2.4.1. die redelike beskerming van privaatheid;
 - 1.2.4.2. kommersiële vertroulikheid, en
 - 1.2.4.3. effektiewe, doeltreffende en goeie beheer.
- 1.3. Hierteenoor bevorder die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013) ("**POPIA**") die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word, en bring sekere voorwaardes teweeg om minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te bepaal. POPIA wysig sekere bepalings van PAIA deur die behoefte aan toegang tot inligting te balanseer teenoor die behoefte om te verseker dat persoonlike inligting beskerm word deur voorsiening te maak vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere magte uit te oefen en sekere pligte en funksies te verrig ingevolge POPIA en PAIA, en voorsiening te maak vir die uitreiking van gedragskodes asook vir die regte van persone ten opsigte van ongevraagde elektroniese kommunikasie en geoutomatiseerde besluitneming om die vloeï van persoonlike inligting te reguleer en voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.
- 1.4. Artikel 14 van PAIA verplig openbare liggame om 'n handleiding saam te stel wat inligting verskaf oor die soorte en kategorieë rekords wat deur die openbare liggaam gehou word. PAIA bepaal ook die minimumvereistes waaraan sodanige handleiding moet voldoen.
- 1.5. Hierdie Handleiding dien as die Universiteit van die Vrystaat (die "**Universiteit**") se handleiding vir toegang tot inligting ingevolge artikel 14 van PAIA, en dien as verwysing na die rekords wat gehou word en die proses wat gevolg moet word om toegang tot sodanige rekords te versoek, soos deur artikel 14 van PAIA vereis.
- 1.6. Hierdie Handleiding vervat ook inligting oor die indiening van besware teen die verwerking van persoonlike inligting, asook versoeke om persoonlike inligting of rekords daarvan ingevolge POPIA te skrap of te vernietig.

- 1.7. Kontak gerus die betrokke Adjunk-inligtingsbeampte (in klousule 6 hieronder beskryf) indien u enige probleme ondervind met die benutting van hierdie gids.

2. DEFINISIES

- 2.1. “Dag” beteken 'n kalenderdag, tensy die laaste dag van 'n gespesifiseerde tydperk val op 'n Sondag of enige openbare vakansiedag, in welke geval daardie Sondag of openbare vakansiedag ooreenkomstig artikel 4 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957) uitgesluit sal word wanneer die tyd bereken word.
- 2.2. “Klaer” beteken enige persoon wat by die Inligtingsreguleerder 'n klag indien.
- 2.3. “Klag” beteken –
- (a) 'n saak wat by die Inligtingsreguleerder aangemeld word ingevolge artikel 74(1) en (2) van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013);
 - (b) 'n klag waarna verwys word in artikels 74(1) (e) en 92(1) van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet No. 4 van 2013); of
 - (c) 'n saak wat aangemeld word by die Inligtingsreguleerder of na die Inligtingsreguleerder verwys word ingevolge ander wetgewing wat die mandaat van die Inligtingsreguleerder reguleer.
- 2.4. “Relevante liggaam/liggame” verwys na enige gespesifiseerde liggaam of klas van liggame, of enige gespesifiseerde bedryf, professie of beroep, of klas van bedrywe, professies of beroepe wat volgens die Reguleerder se mening voldoende verteenwoordiging het.
- 2.5. “Skrif” het die betekenis waarna verwys word in artikel 12 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2022 (Wet No. 25 van 2002).
- 2.6. “Aanvraer” met betrekking tot –
- (a) 'n openbare liggaam, beteken
 - 1. enige persoon wat 'n versoek rig om toegang tot 'n rekord van daardie openbare liggaam; of
 - 2. 'n persoon wat optree namens die persoon na wie in subparagraaf (1) hierbo verwys word.
 - (b) 'n private liggaam, beteken –
 - 1. enige persoon, insluitende maar nie beperk nie tot 'n openbare liggaam of 'n beampte daarvan, wat 'n versoek rig om toegang tot 'n rekord van daardie private liggaam; of
 - 2. 'n persoon wat optree namens die persoon wat in subparagraaf (1) hierbo beoog word.

3. BESIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

Hierdie Handleiding sal bygewerk word soos nodig, of wanneer die relevante wetgewing verander. Die jongste eksemplaar van hierdie Handleiding is beskikbaar op die openbare webtuiste van die Universiteit, <https://www.ufs.ac.za/>, asook by die geregistreerde kantoor geleë te Nelson Mandela-rylaan 205, Park West, Bloemfontein, 9301; alternatiewelik kan hierdie Handleiding by die Inligtingsbeampte aangevra word.

4. FUNKSIES EN STRUKTUUR VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT [ARTIKEL 14 (1) (a)]

- 4.1. Die Universiteit is 'n instelling vir hoër onderwys wat gevestig is ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997). Die Universiteit se bestuurstruktuur is soos volg saamgestel:

4.1.1. Die Kanselier

Die Kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit.

4.1.2. Die Raad

Die Raad is verantwoordelik vir die oorhoofse beheer van die Universiteit, soos voorgeskryf ingevolge artikel 27 van die Wet op Hoër Onderwys.

4.1.3. Die Senaat

Die Senaat is verantwoordbaar aan die Raad, soos voorgeskryf ingevolge artikel 28 van die Wet op Hoër Onderwys.

4.1.4. Die Visekanselier en Prinsipaal

Die Visekanselier en Prinsipaal is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die Universiteit ingevolge artikel 30 van die Wet op Hoër Onderwys.

4.1.5. Die Uitvoerende Bestuurskomitee

Die Uitvoerende Bestuurskomitee staan die Visekanselier en Prinsipaal by met die beplanning, toesighouding oor en uitvoering van die bestuur en administrasie van die Universiteit.

4.1.6. Die Institusionele Forum

Die Institusionele Forum word saamgestel ingevolge artikel 31 van die Wet op Hoër Onderwys en adviseer die Raad onder andere oor –

- 4.1.6.1. die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en die Nasionale Hoëronderwysbeleid;
- 4.1.6.2. die prosesse wat gevolg word om kandidate vir seniorbestuursposte te kies en die geskiktheid van kandidate vir beoogde aanstelling wat die bereiking van gelykheidsteikens betref;
- 4.1.6.3. beleide oor rasse- en geslagsgelykheid;
- 4.1.6.4. gedragskodes;
- 4.1.6.5. die formulering van beleide oor prosedures vir bemiddeling en die oplossing van geskille;
- 4.1.6.6. die bestuur van kulturele diversiteit op die kampusse;
- 4.1.6.7. die bevordering en ontwikkeling van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir menswaardigheid en fundamentele, basiese menseregte bevorder en 'n positiewe omgewing skep vir onderrig, leer, navorsing en studie, en
- 4.1.6.8. die taalbeleid van die Universiteit.

4.1.7. Institusionele Studenteraad (“ISR”)

Die Institusionele SR word demokraties verkies, is verantwoordelik vir die bestuur van die georganiseerde studentelewe volgens 'n grondwet en funksioneer deur middel van verskillende portefeuljekomitees.

5. ADMINISTRASIE VAN PAIA

- 5.1. Ingevolge PAIA beteken die Inligtingsbeampte in die geval van enige ander openbare liggaam die hoof uitvoerende beampte of gelykstaande beampte van daardie openbare liggaam, of die persoon wat as sodanig waarneem.

- 5.2. Die Inligtingsbeampte het sy verantwoordelikheid verder skriftelik gedelegeer aan die Adjunk-inligtingsbeampte na wie in klousule 6 hieronder verwys word, om te verseker dat:
- 5.3. administrasie van PAIA binne die Universiteit op 'n regverdigde, objektiewe en onpartydige wyse geskied, en
- 5.4. die Universiteit so toeganklik as redelik moontlik is vir die persone wat sy rekords aanvra.

6. INLIGTINGSBEAMPTE / ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE – KONTAKBESONDERHEDE [ARTIKEL 14 (1) (b)]

6.1. INLIGTINGSBEAMPTE:

Prof HC Klopper
Die Visekanselier en Prinsipaal

Posadres:
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339, BLOEMFONTEIN, 9300

Straatadres:
Hoofgebou
Universiteit van die Vrystaat, Nelson Mandela-rylaan, Bloemfontein

Tel: 051 4017000
Epos: vcpooffice@ufs.ac.za

6.2. ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE: ADMINISTRASIE:

Mnr NN Ntsababa
Registrateur

Posadres:
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339, BLOEMFONTEIN, 9300

Straatadres:
Hoofgebou
Universiteit van die Vrystaat, Nelson Mandela-rylaan, Bloemfontein

Tel: 051 4012097
Epos: registrar@ufs.ac.za

7. ARTIKEL 10-HANDLEIDING [ARTIKEL 14 (1) (c)]

'n Amptelike handleiding is saamgestel, en bevat inligting om 'n persoon wat ingevolge PAIA en POPIA 'n reg op toegang tot inligting wil uitoefen, te help. Hierdie handleiding word beskikbaar gestel deur die Inligtingsreguleerder (ingevolge POPIA ingestel). Die Inligtingsreguleerder se kontakbesonderhede verskyn hieronder:

Die Inligtingsreguleerder
Kontakbesonderhede:
Woodmead North Office Park, Maxwell-rylaan 54

Woodmead, Johannesburg, 2191
Posbus 31533, Braamfontein, 2017
Tel: 010 023 5200

Epos: enquiries@info regulator.org.za

Webtuiste: www.info regulator.org.za

https://info regulator.org.za/wp-content/uploads/2020/07/PAIA-Guide-English_20210905.pdf (om die Engelse weergawe van die Handleiding te lees). Afskrifte van die Handleiding kan ook van die Universiteit bekom word in die Hoofgebou van die Universiteit.

8. TOEGANG TOT REKORDS WAT DEUR DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT GEHOU WORD [ARTIKEL 14 (1) (d)]

8.1. Kategorieë rekords wat outomaties beskikbaar is [artikel 14 (1) (e)]

Die volgende inligting is outomaties beskikbaar deur middel van 'n navraag aan die Inligtingsbeampte, asook op die webtuiste van die Universiteit:

8.1.1. Algemene inligting

- 8.1.1.1. Algemene feite oor die Universiteit
- 8.1.1.2. Fakulteite
- 8.1.1.3. Programme
- 8.1.1.4. Biblioteekdienste
- 8.1.1.5. Navorsing
- 8.1.1.6. Qwaqwa-kampus van die Universiteit
- 8.1.1.7. Suidkampus van die Universiteit
- 8.1.1.8. Gemeenskapsdiens
- 8.1.1.9. Uitleg van webtuiste
- 8.1.1.10. Kontakinligting
- 8.1.1.11. Kampuskaart

8.1.2. Personeelinligting

- 8.1.2.1. Steundienste
- 8.1.2.2. Personeelgids
- 8.1.2.3. Personeel
- 8.1.2.4. Vakante poste

8.1.3. Studente-inligting

- 8.1.3.1. Voornemende studente

- 8.1.3.2. KowsieLife-webblad
- 8.1.3.3. Huidige studente
- 8.1.3.4. Blackboard (eLearn)
- 8.1.3.5. Alumni
- 8.1.3.6. Internasionale studente

8.1.4. Nuus

- 8.1.4.1. Media
- 8.1.4.2. Korporatiewe publikasies
- 8.1.4.3. Nuusbriewe
- 8.1.4.4. Skakels
- 8.1.4.5. Nuusargief

8.2. Rekords wat aangevra kan word

Neem asseblief kennis dat hierdie lys bloot 'n algemene aanduiding is van inligting waaroor die Universiteit beskik, maar dat hierdie inligting nie noodwendig sonder goedkeuring beskikbaar gestel sal word nie, aangesien sekere rekords vertroulik is. Raadpleeg gerus die Universiteit se webtuiste vir inligting wat reeds beskikbaar is: <http://www.ufs.ac.za>.

8.2.1. Die Raad, Uitvoerende Komitee en ander Komitees van die Raad

- 8.2.1.1. Sakelyste van vergaderings
- 8.2.1.2. Notules van vergaderings
- 8.2.1.3. Lys van lede

8.2.2. Die Senaat, die Uitvoerende Komitee en ander Komitees van die Senaat

- 8.2.2.1. Sakelyste van vergaderings
- 8.2.2.2. Notules van vergaderings
- 8.2.2.3. Lys van lede

8.2.3. Die Uitvoerende Bestuurskomitee

- 8.2.3.1. Sakelyste van vergaderings
- 8.2.3.2. Notules van vergaderings
- 8.2.3.3. Lys van lede

8.2.4. Die Universiteitsbestuurskomitee

- 8.2.4.1. Sakelyste van vergaderings

- 8.2.4.2. Notules van vergaderings
- 8.2.4.3. Lys van lede
- 8.2.5. Die Institusionele Forum**
 - 8.2.5.1. Sakelyste van vergaderings
 - 8.2.5.2. Notules van vergaderings
 - 8.2.5.3. Lys van lede
- 8.2.6. Die Institusionele Studenteraad**
 - 8.2.6.1. Sakelyste van vergaderings
 - 8.2.6.2. Notules van vergaderings
 - 8.2.6.3. Lys van lede
- 8.2.7. Akademiese Studentedienste**
 - 8.2.7.1. Aansoekvorms vir toelating
 - 8.2.7.2. Prospektus van programme wat aangebied word
 - 8.2.7.3. Gelde betaalbaar
 - 8.2.7.4. Akademiese rekords
 - 8.2.7.5. Studenteprofiele en -statistieke
- 8.2.8. Menslike Hulpbronne**
 - 8.2.8.1. Algemene diensvoorwaardes
 - 8.2.8.2. Personeelbeleide en -prosedures
 - 8.2.8.3. Vaardigheidsontwikkeling / personeelontwikkeling
 - 8.2.8.4. Prestasiebestuurstelsel
 - 8.2.8.5. Personeelrekords
- 8.2.9. Finansiële aangeleenthede**
 - 8.2.9.1. Ouditverslae
 - 8.2.9.2. Begrotingsgidse
 - 8.2.9.3. Jaarlikse finansiële state
- 8.2.10. Akademiese aangeleenthede**
 - 8.2.10.1. *Notules van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe*

8.2.10.1.1. Notules van Fakulteitsraadvergaderings

8.2.10.1.2. Departemente

8.2.10.1.3 Sentrums

8.2.10.1.4 Navorsing

8.2.10.2. ***Notules van die Fakulteit Geesteswetenskappe***

8.2.10.2.1. Notules van Fakulteitsraadvergaderings

8.2.10.2.2. Departemente

8.2.10.2.3 Sentrums

8.2.10.2.4 Navorsing

8.2.10.3. ***Notules van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe***

8.2.10.3.1. Notules van Fakulteitsraadvergaderings

8.2.10.3.2. Departemente

8.2.10.3.3. Navorsing

8.2.10.4. ***Notules van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe***

8.2.10.4.1. Notules van Fakulteitsraadvergaderings

8.2.10.4.2. Departemente

8.2.10.4.3 Sentrums

8.2.10.4.4 Navorsing

8.2.10.5. ***Notules van die Fakulteit Regte***

8.2.10.5.1. Notules van Fakulteitsraadvergaderings

8.2.10.5.2. Skool vir Finansiëlebeplanningsreg

8.2.10.5.3. Departemente

8.2.10.5.4 Sentrums

8.2.10.5.5 Navorsing

8.2.10.6. ***Notules van die Fakulteit Teologie en Religie***

8.2.10.6.1. Notules van Fakulteitsraadvergaderings

8.2.10.6.2. Departemente

8.2.10.6.3 Sentrums

8.2.10.6.4 Navorsing

8.2.10.7. Notules van die Fakulteit Opvoedkunde

8.2.10.7.1. Notules van Fakulteitsraadvergaderings

8.2.10.7.2. Departemente

8.2.10.7.3 Sentrums

8.2.10.7.4 Navorsing

8.2.10.8. Steundienste

8.2.10.8.1. Beleids- en bestuursinligting van die volgende steundienste:

8.2.10.8.1.1 Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL)

8.2.10.8.1.2. Kommunikasie en Bemaking

8.2.10.8.1.3. Gemeenskapsbetrokkenheid

8.2.10.8.1.4. Direktoraat Navorsingsontwikkeling (DNO)

8.2.10.8.1.5. Direktoraat vir Institusionele Navorsing en Akademiese Beplanning (DINAB)

8.2.10.8.1.6. Finansies

8.2.10.8.1.7. Sentrum vir Gesondheid en Welstand

8.2.10.8.1.8. MV/VIGS-kantoor

8.2.10.8.1.9. Behuising- en Koshuisaangeleenthede

8.2.10.8.1.10. Menslike Hulpbronne

8.2.10.8.1.11. IKT-dienste (Inligtings- en Kommunikasietegnologiedienste)

8.2.10.8.1.12. Institusionele Bevordering

8.2.10.8.1.13. Interne Oudit

8.2.10.8.1.14. Kantoor vir Internasionale Aangeleenthede

8.2.10.8.1.15. KopsieSport

8.2.10.8.1.16. Biblioteek- en Inligtingsdienste

8.2.10.8.1.17. Bestuurs- en Administratiewe Taaldiens

8.2.10.8.1.18. Studentewerwingsdienste

8.2.10.8.1.19. Vergaderingsadministrasie

8.2.10.8.1.20. Rekordbestuur

8.2.10.8.1.21.	Beskermingsdienste
8.2.10.8.1.22.	Erkenning van Voorafleer (EVL)
8.2.10.8.1.23.	Navorsingsontwikkeling
8.2.10.8.1.24.	Aftreefondse
8.2.10.8.1.25.	Diensleer
8.2.10.8.1.26.	Akademie Studentedienste
8.2.10.8.1.27.	Studentesake
8.2.10.8.1.28.	Sentrum vir Universele Toegang en Gestremdheidsondersteuning (SUTGO)
8.2.10.8.1.29.	Studentevoorigting en -ontwikkeling
8.2.10.8.1.30.	Universiteitseiendomme
8.2.10.8.1.31.	Fasiliteitebestuur
8.2.10.8.1.32.	Fasiliteitebeplanning
8.2.10.8.1.33.	Sentrum vir Ondersteuning van Gegradeerdes

8.3. Prosedure vir die aanvra van 'n rekord

- 8.3.1. 'n Versoek om toegang tot inligting moet op 'n voorgeskrewe vorm (**Bylae A**) gerig word aan die Adjunk-inligtingsbeampte by die toepaslike adres of eposadres. Indien 'n persoon weens gestremdheid of ongeletterdheid nie 'n versoek skriftelik kan rig nie, kan sodanige versoek mondeling gerig word en sal die opskrifstelling daarvan deur die Adjunk-inligtingsbeampte gefasiliteer word.
- 8.3.2. Die voorgeskrewe vorm moet die volgende duidelik aandui:
- 8.3.2.1. Die kategorie inligting wat aangevra word.
 - 8.3.2.2. Die vorm van toegang wat benodig word.
 - 8.3.2.3. Die besonderhede van die persoon wat die versoek rig.
- 8.3.3. Let asseblief daarop dat nakoming van die prosedures wat hierin uiteengesit word, die Universiteit sal help om aan die versoek te voldoen. Kontak ons gerus deur die Adjunk- inligtingsbeampte by bogenoemde adres, telefoonnommer, faksnommer en/of eposadres (kyk klousule 6). Verseker ook asseblief dat u kapasiteit of posbenaming binne u organisasie (waar van toepassing) aangedui word om die Universiteit te help om u versoek te verwerk.
- 8.3.4. Indien u nuwe inligting namens 'n ander individu aanvra, dui asseblief aan hoe u aan die individu of organisasie verwant is en voorsien die individu se toestemming dat die aangevraagde inligting aan u beskikbaar gestel word, aan die Universiteit. Dit is om te verseker dat die Universiteit u nie toegang weier op grond van die vertroulikheid van die inligting nie. Verseker asseblief dat u melding maak van die formaat van die rekord wanneer u dit aanvra, sodat die Universiteit maksimale bystand aan u kan verleen.

8.3.5. Elke afdeling van **Bylae A** bevat instruksies wat gevolg moet word om die waarskynlikheid dat die versoek toegestaan word, te verhoog. Die aanvrager moet die volgende belangrike punte in ag neem wanneer die aanvraagvorm voltooi word:

8.3.5.1. Waar rekords wat met 'n organisasie verband hou aangevra word, word daar aanbeveel dat die organisasie se openbare beampte en/of behoorlik gemagtigde persoon die versoek rig of magtig. Indien die versoek namens 'n ander persoon gerig word, moet 'n afskrif van die mandaat wat die aanvrager magtig om namens daardie persoon op te tree, saam met die behoorlik voltooide vorm ingedien word – **Bylae A**.

8.3.5.2. Die aanvrager moet soveel besonderhede as moontlik verskaf om die Adjunk-inligtingsbeampte in staat te stel om hom/haar te identifiseer.

8.3.5.3. Die Universiteit sal die versoek oorweeg en die aanvrager binne 30 (dertig) dae na ontvangs daarvan deur die Universiteit, of soos deur PAIA bepaal, in kennis stel of die versoek toegestaan of geweier is. Dit moet skriftelik gedoen word, of sover prakties uitvoerbaar op die wyse wat deur die aanvrager versoek is.

8.3.6. Bystand aan aanvragers:

8.3.6.1. Indien 'n aanvrager enige hulp benodig om 'n versoek te rig, moet die Inligtingsbeampte sodanige hulp gratis verskaf.

8.3.6.2. Indien 'n aanvrager 'n versoek om toegang tot inligting rig wat nie voldoen aan die voorgeskrewe prosedures nie, of wat nie op die voorgeskrewe vorm gemaak is nie, mag die Inligtingsbeampte nie die versoek weier nie.

8.3.6.3. Die Inligtingsbeampte of sy/haar gemagtigde adjunkte moet redes verstrek vir die weiering van die versoek, en

8.3.6.4. Die Inligtingsbeampte of sy/haar gemagtigde adjunkte moet gewillig wees om die persoon te help om die versoek in die regte formaat te voltooi.

8.4. Wat kan aangevra word?

8.4.1 Daar moet aan 'n aanvrager toegang verleen word tot enige Universiteitsrekord indien:

8.4.1.1 daardie rekord vereis word vir die uitoefening of beskerming van enige regte;

8.4.1.2 die aanvrager voldoen aan die proseduriële vereistes van PAIA ten opsigte van 'n versoek om toegang tot daardie rekord, en toegang tot daardie rekord nie geweier word op grond van enige van die redes wat hieronder uiteengesit word nie.

8.4.1.3 Die Universiteit het die reg om versoeke om inligting te weier wat duidelik beuselagtig of ergerlik is, of 'n onredelike wegkeer van hulpbronne behels.

8.4.2 Die ander hoofgronde waarop die Universiteit ingevolge PAIA of POPIA die reg het om 'n versoek om inligting te weier, is die verpligte beskerming van:

8.4.2.1 die privaatheid van 'n derde party wat 'n natuurlike persoon is, wat sou neerkom op die onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting van daardie natuurlike persoon;

8.4.2.2 die kommersiële inligting van 'n derde party indien die rekord bedryfsgeheime, finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting bevat waarvan die openbaarmaking waarskynlik skadelik kan wees vir die finansiële of kommersiële belange van daardie derde party;

- 8.4.2.3 inligting wat vertroulik deur 'n derde party aan die Universiteit openbaar gemaak is indien die openbaarmaking 'n derde party sou kon benadeel in onderhandelinge of kommersiële mededinging;
- 8.4.2.4 vertroulike inligting van derde partye indien dit ingevolge enige ooreenkoms beskerm word;
- 8.4.2.5 die veiligheid van individue en die beskerming van eiendom en die bedryf van die Universiteit;
- 8.4.2.6 rekords wat in regsprosesse as geprivilegieerd beskou sou word;
- 8.4.2.7 die kommersiële aktiwiteite van die Universiteit, wat kan insluit bedryfsgeheime, finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting waarvan openbaarmaking waarskynlik skadelik sou wees vir die finansiële of kommersiële belange van die Universiteit;
- 8.4.2.8 inligting wat die Universiteit in onderhandelinge of kommersiële mededinging sou kon benadeel indien dit openbaar gemaak word;
- 8.4.2.9 rekenaarsageware wat deur die Universiteit besit word; en
- 8.4.2.10 die navorsingsinligting van die Universiteit of 'n derde party indien openbaarmaking die identiteit van die Universiteit, die navorser of die onderwerp van navorsing sou onthul en tot ernstige nadeel van die navorsing sou strek.

8.5. Hoe lank moet 'n aanvrager wag voordat die aangevraagde inligting ontvang word?

- 8.5.1. Die Adjunk-inligtingsbeampte moet binne 30 (dertig) dae na ontvangs van die versoek 'n besluit daaroor neem, by gebreke waaraan die versoek as geweier geag sal word.
- 8.5.2. Die Adjunk-inligtingsbeampte mag onder die volgende omstandighede die besluitnemings tydperk tot 60 (sestig) dae verleng:
 - 8.5.2.1. indien die versoek vir 'n groot aantal rekords is of 'n soektog deur 'n groot aantal rekords behels, en voldoening aan die oorspronklike tydperk op onredelike wyse sou inmeng met die aktiwiteite van die Universiteit;
 - 8.5.2.2. indien die aangevraagde rekords nie geleë is in dieselfde dorp of stad as die Universiteitskantore nie, sodat die versoek nie redelikerwys binne 30 (dertig) dae afgehandel kan word nie;
 - 8.5.2.3. waar konsultasie tussen die afdelings van die Universiteit of met 'n ander entiteit nodig of wenslik is om oor die versoek te besluit, welke konsultasie nie binne 30 (dertig) dae redelikerwys voltooi kan word nie;
 - 8.5.2.4. waar verskeie omstandighede soos hierbo beoog bestaan ten opsigte van die versoek, wat voldoening aan die tydperk van 30 (dertig) dae nie redelikerwys moontlik maak nie;
 - 8.5.2.5. indien die aanvrager skriftelik instem tot die verlenging, of
 - 8.5.2.6. indien die tydperk van dertig (30) dae verleng word, sal die Adjunk-inligtingsbeampte die aanvrager in kennis stel van die verlenging en die redes vir die verlenging aan die aanvrager verstrek.

8.6. Hoe sal 'n aanvrager in kennis gestel word van die uitslag van die versoek?

Die aanvrager sal op die wyse wat in die aanvraagvorm bepaal word, in kennis gestel word van die Adjunk-inligtingsbeampte se besluit.

8.7. Wat word as 'n weiering van 'n versoek geag?

Indien die Adjunk-inligtingsbeampte nie binne die tydperk van 30 (dertig) dae of binne enige verlengde tydperk die besluit oor 'n versoek om toegang tot inligting aan die aanvrager oordra nie, sal dit as 'n weiering van die versoek geag word.

8.8. Wat kan 'n aanvrager doen indien die versoek om inligting geweier word?

8.8.1. Die aanvrager kan besluit om 'n interne appèl aan teken ingevolge die voorskrifte van PAIA soos in artikels 75 tot 77 bepaal, deur die Interne Appèlvorm wat as Bylae E aangeheg is, te gebruik. Die interne appèl sal deur die Adjunk-visekanselier: Mense en Bedryf van die Universiteit beslis word.

8.8.2. Indien die aanvrager nie tevrede is met die besluit van die Universiteit nie, kan die aanvrager by die hof aansoek doen om herstel nadat die grieweprosedure waarvoor hierdie Handleiding voorsiening maak, uitgeput is. Genoemde aansoek moet gebring word binne 180 (een honderd en tagtig) dae nadat die besluit deur die Adjunk-inligtingsbeampte geneem is. Na die aanhoor van sodanige aansoek kan die hof 'n regverdige en billike bevel toestaan, insluitende –

8.8.2.1. om die besluit wat die onderwerp van die aansoek is, te bevestig, te wysig of tersyde te stel;

8.8.2.2. om te vereis dat die Inligtingsbeampte op 'n spesifieke wyse handel of versuim om te handel, soos wat die hof dit nodig ag binne die tydperk wat in die bevel vermeld word;

8.8.2.3. om 'n interdik, tussentydse of spesifieke herstel, 'n verklarende bevel of skadevergoeding toe te staan; of

8.8.2.4. 'n kostebevel.

8.8.3. Sodanige aansoek kan by die hof met relevante jurisdiksie gebring word.

8.9. Wat gebeur indien die versoek suksesvol is?

8.9.1. Daar sal aan die aanvrager toegang verleen word tot 'n rekord indien alle proseduriële vereistes ingevolge PAIA-vereistes nagekom is, naamlik dat –

8.9.1.1. die versoek behoorlik gedokumenteerd is op die voorgeskrewe vorm;

8.9.1.2. bewys van magtiging om namens 'n ander persoon op te tree verskaf word indien die versoek namens 'n ander persoon gerig word en die rekord wat aangevra word, op voldoende wyse beskryf is dat die Adjunk-inligtingsbeampte dit sal kan identifiseer; en

8.9.1.3. alle vereiste gelde betaal is.

9. GELDE

9.1. PAIA bepaal 2 (twee) tipes gelde, naamlik aanvraaggelde en toegangsgelde, wat betaal moet word alvorens die Universiteit die versoek om inligting sal beoordeel.

- 9.2. Gelde om inligting aan te vra en/of toegang daartoe te verkry is soos uiteengesit ingevolge die Regulasies wat ingevolge PAIA gepubliseer is, en hierby ingesluit is onder **Bylae B**.
- 9.3. Gelde met betrekking tot toegang deur 'n datasubjek tot sy/haar eie persoonlike inligting wat deur die Universiteit gehou word, word hieronder in klousule 15.2 gedek.

10. DIENSTE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT WAT AAN LEDE VAN DIE PUBLIEK BESKIKBAAR IS EN HOE OM TOEGANG TOT HIERDIE DIENSTE TE VERKRY [ARTIKEL 14 (1)(f)]

'n Omvattende lys van hierdie dienste is vervat in die algemene Prospektus van die Universiteit, die Voorgraadse Prospektus, die Nagraadse Prospektus en jaarboeke van fakulteite, wat gratis by die onderskeie fakulteite beskikbaar is. Alternatiewelik word hierdie dienste uiteengesit op die webtuiste van die Universiteit by <http://www.ufs.ac.za>.

11. DEELNAME AAN BELEIDSFORMULERING EN BESLUITNEMING BY DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT [ARTIKEL 14 (1)(g)]

- 11.1. Studente en personeellede mag deelneem aan die formulering van beleid en die neem van besluite deur die Universiteit ingevolge die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys, soos gewysig, asook ingevolge interne prosedures soos van tyd tot tyd met studente en personeel ooreengekom.
- 11.2. Ander belanghebbende partye mag kommentaar en voorstelle op skrif indien by die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte by die volgende adres:

Die Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339, BLOEMFONTEIN, 9300

12. REGSMIDDELE WAT BESKIKBAAR IS TEN OPSIGTE VAN 'N HANDELING (OF VERSUIM OM TE HANDEL) INGEVOLGE DIE WET [ARTIKEL 14 (1)(h)]

- 12.1. 'n Student of lid van die publiek mag 'n skriftelike klag aanteken by die Inligtingsbeampte of Adjunk-inligtingsbeampte.
- 12.2. Personeellede mag gebruik maak van die grieweprosedure van die Universiteit.
- 12.3. Indien die klag verband hou met 'n handeling of versuim om te handel ingevolge die Wet, kan die persoon wat die klag lê sodanige stappe doen as waarvoor in artikels 74 tot 82 van PAIA voorsiening gemaak word.
- 12.4. Die aanvrager of derde party waarna artikel 74 van PAIA verwys, kan 'n klag indien by die Inligtingsreguleerder nadat die aanvrager of die derde party die interne appèlprosedure (kyk paragraaf 8.8) teen die Universiteit se besluit uitgeput het. Dit sal gedoen word deur die Klagtevorm wat as Bylae F aangeheg is, te voltooi en in te dien.

13. ANDER INLIGTING SOOS INGEVOLGE DIE WET VOORGESKRYF [ARTIKEL 14 (1)(i)]

Daar is nie tans ingevolge artikel 92 enige ander inligting van die Universiteit beskikbaar wat hier gepubliseer kan word nie.

14. VERSLAGDOENING DEUR DIE UV

Tensy die wet anders bepaal, doen die Universiteit ingevolge artikel 32 van PAIA jaarliks verslag aan die Inligtingsreguleerder ooreenkomstig sy beheerverpligtinge.

15. POPIA-VEREISTES MET BETREKKING TOT DIE VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

15.1. Persoonlike Inligting

- 15.1.1. Persoonlike inligting verwys na inligting wat verband hou met 'n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon en inligting wat verband hou met 'n identifiseerbare, bestaande juridiese persoon. Die UV sal alle versoeke ingevolge paragraaf 15.1 hanteer binne 'n tydperk van 30 dae.

15.2. Doel van Verwerking van Persoonlike Inligting

- 15.2.1. Ingevolge POPIA moet persoonlike inligting vir 'n gespesifiseerde doel verwerk word. Die doel waarvoor persoonlike inligting deur die Universiteit verwerk word, sal afhang van die aard van die persoonlike inligting en die spesifieke datasubjek. Hierdie doel word gewoonlik eksplisiet of implisiet bekend gemaak wanneer die persoonlike inligting ingesamel word.
- 15.2.2. Oor die algemeen word persoonlike inligting verwerk wanneer studente ingeskryf word of rolspelers en verskaffers aan boord gebring word, asook vir die doeleindes van diens- of produklewering, rekordbestuur, sekuriteit, derde partye, indiensneming of verwante sake.

15.3. Regte van Datasubjekte

15.3.1. Toegang tot Persoonlike Inligting

- 15.3.1.1. POPIA bepaal dat 'n datasubjek by bewyslewering van identiteit kan versoek dat die verantwoordelike party al die inligting wat hy hou oor die datasubjek gratis bevestig (tensy UV-beleide anders voorskryf), insluitende inligting oor die identiteit van derde partye wat toegang tot sodanige inligting het, of gehad het.
- 15.3.1.2. Die gronde vir weiering van die datasubjek se versoek word in PAIA uiteengesit.

15.3.2. Beswaaraantekening teen die Verwerking van Persoonlike Inligting

- 15.3.2.1. POPIA bepaal dat 'n datasubjek te eniger tyd, gratis en op redelike gronde wat met sy/haar spesifieke situasie verband hou, beswaar kan aanteken teen die verwerking van persoonlike inligting deur die Universiteit, tensy wetgewing voorsiening maak vir sodanige verwerking. Die datasubjek moet die voorgeskrewe vorm, wat as Bylae C hierby aangeheg is en ook redelikerwys vir datasubjekte toeganklik moet wees op verskeie plekke op die drie UV-kampusse, voltooi en dit per hand, faks, pos, epos, sms of WhatsApp voorlê aan die Inligtingsbeampte, en/of op enige wyse wat vir 'n datasubjek gerieflik is ingevolge artikel 11(b) van die Wet, soos hierbo in klousule 6 uiteengesit.

15.3.3. Regstelling van Persoonlike Inligting

- 15.3.3.1. 'n Datasubjek kan ook die Universiteit versoek om persoonlike inligting oor die datasubjek wat in sy besit of onder sy beheer is en wat onakkuraat, irrelevant, buitensporig, verouderd, onvolledig, misleidend of onwettig bekom is, gratis reg te stel of te skrap; of om 'n rekord van persoonlike inligting oor die datasubjek wat die Universiteit ingevolge POPIA se bepalings oor die retensie en beperking van rekords nie meer gemagtig is om te behou nie, te vernietig of te skrap.
- 15.3.3.2. 'n Datasubjek wat 'n regstelling of skapping van persoonlike inligting wil versoek, of die vernietiging of skapping van 'n rekord van persoonlike inligting, moet 'n versoek rig aan die Inligtingsbeampte by die pos- of fisiese adres, faksnommer of eposadres wat hierbo in klousule 6 uiteengesit word, op die vorm wat hierby aangeheg is as Bylae D.

15.3.4. **Klagtes**

- 15.3.4.1. Enige persoon kan 'n klag wat inmenging met die beskerming van 'n datasubjek se persoonlike inligting beweer, by die Inligtingsreguleerder indien. Al sodanige klagtes moet voldoen aan die wysiging van Regulasie 7 ten opsigte van die wyse waarop klagtes ingedien kan word, soos deur die Inligtingsreguleerder uitgereik.
- 15.3.4.2. Om 'n klag in te dien, voltooi Vorm 5 wat aangeheg is as Bylae G, en stuur die voltooide vorm per epos aan [**POPIAComplaints@inforegulator.org.za**](mailto:POPIAComplaints@inforegulator.org.za).

15.4. **Kategorieë Datasubjekte**

15.4.1. Die Universiteit hou inligting en rekords oor die volgende kategorieë datasubjekte:

- 15.4.1.1. werkaansoekers;
- 15.4.1.2. werknemers / personeel van die Universiteit;
- 15.4.1.3. rolspelers en studente van die Universiteit;
- 15.4.1.4. enige derde party saam met wie die Universiteit dienste aanbied en sy wetlike mandaat uitvoer;
- 15.4.1.5. kontrakteurs van die Universiteit;
- 15.4.1.6. verskaffers van die Universiteit, en
- 15.4.1.7. diensverskaffers van die Universiteit.
(Hierdie lys kategorieë van datasubjekte is nie volledig nie.)

15.5. **Die kategorieë ontvangers aan wie inligting voorsien word**

15.5.1. Afhangende van die aard van die data, kan die Universiteit inligting of rekords aan die volgende kategorieë ontvangers voorsien:

- 15.5.1.1. statutêre oorsigliggame, reguleerders of regterlike kommissies van ondersoek wat data aanvra;
- 15.5.1.2. enige hof, administratiewe of juridiese forum, arbitrasie, statutêre kommissie of ombudsman wat 'n versoek rig vir data of blootlegging ingevolge die toepaslike reëls (d.w.s. die Mededingingskommissie ingevolge die Wet op Mededinging, No. 89 van 1998);
- 15.5.1.3. die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of 'n ander soortgelyke gesag;
- 15.5.1.4. enigiemand wat ingevolge PAIA 'n suksesvolle aansoek om toegang bring;
- 15.5.1.5. Onderhewig aan die bepalings van toepaslike wetgewing kan die Universiteit inligting oor 'n persoon se kredietwaardigheid deel met enige kredietburo of vereniging van die kredietverskaffersbedryf, of ander vereniging vir 'n bedryf waarbinne die Universiteit funksioneer, en
- 15.5.1.6. enige persoon wat sake doen met die Universiteit as deel van die gewone verloop van sake.

15.6. Beplande oorgrensvloei van inligting

- 15.6.1. Indien 'n datasubjek die Universiteit se webtuiste besoek vanaf 'n ander land as die land (die Republiek van Suid-Afrika) waarbinne die Universiteit se bedieners geleë is, sal die onderskeie kommunikasies noodwendig lei tot die oordrag van inligting oor internasionale grense heen.
